

# 5

## **DIE AARDE (EKOLOGIE)**

### **Ek moet God se skepping oppas**

#### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat hulle God se handewerk moet oppas.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat God alles in die heelal gemaak het.
- dat God hulle gemaak het om sy skepping te bewerk, op te pas en te beskerm.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- dankbaar wees vir die besondere wyse waarop God alles en almal gemaak het.
- dankbaar wees vir God se skepping en bereid wees om dit op te pas en te bewerk.
- respek betoon vir God se skepping.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet praktiese voorbeelde gee van hoe hulle die skepping gaan bewerk en oppas.

#### **MEER INLIGTING (Genesis 1; Psalm 8; Psalm 24: 1)**

In Genesis, die eerste boek van die Bybel, lees ons dat God die Skepper van alles is. God het die aarde en alles daarop, die see en alles daarin en ook alles wat in die buitenste ruimte is, gemaak. Die hoogtepunt van God se skepping was toe Hy die mens gemaak het. Wat belangrik is, is dat Genesis vir ons leer *dat* God alles gemaak het, maar nie *hoe* Hy alles gemaak het nie.

God het die mens aangestel om oor die skepping te heers. Dit beteken dat God vir ons die aarde gegee het om daarop te leef. Ons kan dit wat op die aarde en ook in die see is, gebruik

om onself mee te versorg. Ons moet daarom alles wat op die aarde is, reg gebruik en oppas. As ons die aarde bemors, diere verwaarloos en misbruik en water besoedel, doen ons skade aan die aarde en het ons nie respek vir God se skepping nie.

Die volgende is voorbeelde van besoedeling en verwaarlosing van die natuur:

- Om diere te mishandel, verwaarloos en dood te maak sonder goeie motivering.
- Om rommel te strooi en waterbronne te bemors met vullis en rioolafval.
- As ons plante, veral in die natuur, ongekontroleerd afluk, uithaal, aan die brand steek en beskadig.
- As ons toelaat dat wind en water die grond wegwaai en verspoel – ons noem dit erosie.

Die aarde is ons enigste woonplek en daarom moet ons die aarde goed oppas. Daar is bewys dat waar mense nie die aarde oppas en reg bewerk nie, die skepping en die natuur begin verval. Dit hou ook 'n gevaar in vir ons wat afhanklik is van die natuur. Ons gaan later nie meer kos, klere, water en alles wat ons nodig het om van te lewe, oorhê nie. As ons die skepping verwaarloos en misbruik, is ons ongehoorsaam aan God se opdrag. Om Christene te wees, is nie net om godsdienstig te wees en te aanvaar dat Jesus Christus ons Verlosser is nie. Gelowige kinders van God is daarvoor verantwoordelik om die skepping op te pas. Daardeur wys ons dat ons dankbaar is omdat God vir ons alles in die skepping gee om ons te versorg en dat ons vir mekaar omgee.

## AANBIEDING

### Jy het nodig

- Reël 'n uitstappie na 'n plaas, die dorp se dam of die kerk se tuin.
- Reël met van die ouers om die kinders te vervoer.
- Komberse vir die kinders om op te sit.
- Vars en kleurvolle blomme, verkieslik met 'n sterk geur.
- 'n Deurskynende houër met 'n paar lewendige insekte.
- Muurkaart met prente van wilde en mak diere.
- A3-muurkaart met Psalm 24: 1 daarop: *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here.*
- Swart sakke om rommel in te gooi.
- Stel 'n vraebank op uit die belangrikste feite van Lesse 1-5.
- Maak vir elke kind 'n afskrif van die vraebank.

## KOM ONS BEGIN

Lees Psalm 8 uit die Bybel voor en open met 'n dankiesêgebed vir alles wat die Here ons gegee het.

## HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle die prent ingekleur het.
- Laat 'n paar van die kinders lees wat hulle geskryf het oor hoe God vir hulle sorg.
- Vra die volgende vrae:
  - In watter land het die Israeliete baie swaar gekry? (*In Egipte.*)
  - Vir wie het die Here gestuur om die Israeliete uit Egipte uit te lei? (*Vir Moses.*)
  - Hoekom het die Israeliete honger geword? (*Daar was nie kos in die woestyn nie.*)

- Wat het die Here toe vir hulle gegee om te eet? (*Manna en kwartels.*)
- Wie voorsien ons elke dag van kos? (*Die Here.*)

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

- Neem die kinders na 'n plaas, die dorp se dam of die kerk se tuin.
- Laat hulle buite op die grasperk op die kombes sit.
- Lei hulle om die volgende waar te neem: plante, voëls, die blou lug, wolke, die son, insekte, water, grond, ensovoorts.
- Vra of hulle enige van die dinge wat waargeneem word, self kan maak.
- Vra wie dink hulle het hierdie wonderlike dinge gemaak.
- Mense praat oor die radio en op die TV en ons lees in koerante hoe die natuur bewaar moet word. Ons lees hoe plante verniel word en hoe diere doodgemaak word. Laat hulle vertel wat hulle daarvan weet.
- Vra of hulle weet wat mense moet doen om te wys dat hulle respek het vir God se skepping.

### **IETS INTERESSANT**

Maak 'n bondige opsomming van MEER INLIGTING hierbo en vertel hoe God alles gemaak het sodat ons kan lewe en die wêreld kan bly voortbestaan. Lê veral klem op hoe God ver wag dat ons alles in die wêreld moet oppas.

### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende weer by hulle in:

- God het alles gemaak.
- God het ons beveel om dit te gebruik, te geniet en op te pas.
- Ons moet dankbaar wees vir God se skepping.
- Ons moet alles in die skepping oppas en respekteer.
- Ons is belangrik in God se skepping, want ons moet alles oppas.

### **IETS OM TE DOEN**

- Terwyl hulle op die kombes sit, bespreek alles wat hulle waargeneem het, byvoorbeeld die kleurvolle blomme, die insekte in die houer, die prente op die muurkaart, ensovoorts.
- Gesels oor wat besoedeling is. Vra die kinders om die rommel op die terrein direk om hulle op te tel. Laat hulle bespreek hoe 'n mens rommel kan herwin – gee leiding waar nodig.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

Daar is verskillende maniere hoe ons die aarde en alles daarop kan oppas en bewerk. Laat hulle by elke prentjie skryf wat hulle gaan doen om God se handewerk op te pas en te bewerk.

### **Leer**

Laat hulle Psalm 24: 1 gaan leer: *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here.*

### **Belangrik:**

- Laat hulle hul ouers vra om hulle te help om die vraebank in hul boeke by Les 6 te leer vir volgende week se vasvrankompetisie.
- Skaf 'n eenvoudige prys aan vir die span wat wen – lekkers of biltong of enigiets anders.

### **VRAEBANK**

Berei voor vir 'n vasvrankompetisie tussen twee spanne. Vra die vrae om die beurt – die een span kry dus al die vrae wat nie donker gedruk is nie, en die ander span kry al die donkergedrukte vrae. Elke korrekte antwoord tel een punt. As 'n span nie 'n antwoord ken nie of verkeerd antwoord, kan die ander span vir een punt die regte antwoord gee.

1. Hoe praat God met ons? (*God praat met ons as ons die Bybel lees.*)
2. **Wat moet ons met ons Bybels doen? (Ons moet die Bybel gereeld lees.)**
3. Wat leer ons uit die Bybel ken? (*Uit die Bybel leer ons dat God ons liefhet, getrou is en vir ons sorg.*)
4. **Wat leer ons uit die Bybel oor ons lewe? (Ons leer hoe om reg te lewe soos God van ons verwag.)**
5. Wat moet ons vir mense doen wat nie Bybels het nie? (*Ons moet hulle help om Bybels te kry.*)
6. **Na wie se beeld is ons geskape? (God het ons na sy beeld gemaak.)**
7. Wat beteken dit om na God se beeld geskape te wees? (*Dit beteken ons moet die skepping oppas en bewerk.*)
8. **Wie het saam met haar man en twee seuns hul eie land, mense en geloof verlaat omdat daar 'n groot hongersnood in hul land was? (Naomi.)**
9. Met wie het haar twee seuns getrou? (*Met Orpa en Rut.*)
10. **Wie van hulle is later dood? (Naomi se man en seuns.)**
11. Wie het saam met Naomi teruggegaan na haar eie land Juda? (*Rut.*)
12. **Hoekom het Rut saamgegaan? (Rut was lief vir haar gesin.)**
13. Hoe moet ons ons liefde bewys? (*Ons moet ons liefde bewys met wat ons doen.*)
14. **Wie het in Egipte baie swaar gekry? (Die Israeliete.)**
15. Wie het die Israeliete uit Egipte gaan uitlei? (*Die Here het vir Moses gestuur om hulle uit Egipte uit te lei.*)
16. **Hoekom het die volk in die woestyn honger geword? (In die woestyn was daar nie kos nie.)**
17. Noem een ding wat die Here vir hulle gestuur het om te eet. (*Manna / kwartels.*)
18. **Hoekom het God vir sy kinders gesorg? (Hy wil hê dat hulle Hom moet vertrou.)**
19. Aan wie moet ons bo alles en almal gehoorsaam wees? (*God vra gehoorsaamheid aan Hom.*)
20. **Hoekom moet ons op God vertrou? (Want Hy sorg ook vir ons.)**
21. Wie het alles geskape? (*God het alles geskape.*)
22. **Wat het God vir ons gesê om met sy skepping te doen? (Om dit op te pas.)**

### **AFSLUITING**

Sluit af met gebed.